

HULP VIR BOERE GEVRA

Brande ondersoek

Duisende hektaar in N-Kaap verswelg

Anena Burger

'n Ondersoek na die oorsaak van die verwoestende veldbrande wat sedert Augustus 'n verbysterende 450 000 ha weiveld in die Noord-Kaap verswelg het, word nou deur die provinsie se departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling gedoen.

Zandisile Luphahla, departementele woordvoerder, sê rampbestuurspanne van dié departement en die departement van samewerkende regering is in die geraakte gebiede ontplooi om die omvang van die skade en nood te bepaal.

"Ons werk saam met Agri Noord-Kaap en die Ekapa-myn om voer na boere in die gebiede te versprei."

Voer sê met die uitbrekking van die brande in die John Taolo Gaetsewe-distrik uit voorbanke in die provinsie beskikbaar gestel.


"Ons het nog voer, maar dit gaan nie genoeg wees nie." By navraag oor of die departement 'n aansoek sal indien om die gebiede tot rampgebiede te verklaar, het Luphahla gesê daar word dringend 'n verslag saamgestel om aan dr. Zamani Saul, Noord-Kaapse premier, voer te lê sodat hulp op nasionale vlak verkry kan word.

Die veldbrande wat sedert Saterdag in die Frances Baard-streek in die omgewing van Kimberley en Hopetown gewoed het, het 145 000 ha verwoes.

Die data is verkry deur Nasa se brandliniëbestuurstelsel wat van intydse aktiewe data gebruik maak.

Die brandletsls is bereken deur die Europese Ruimteagentskap se Copernicus Sentinel-2-sensor, sowel as die matige resolusie-beeldvormende spektrodiameter en die sigbare radiometer vir die vorming van infrarooi-beelde.

Volgens dié data het 5 378,88 ha by Barkly-Wes,



95 115,75 ha by Ritchie, 43 648,49 ha by Hopetown, 515,53 ha langs die Vaalharts-navorsingstasie en 588,21 ha in die Vaalharts-navorsingstasie afgebrand.

Nicol Jansen, president van Agri Noord-Kaap, sê waar brandstigting vermoed word, moedigheid hy boere aan om sake by die polisie aan te meld.

"Hierdie sake moet behoorlik ondersoek word."

Hy versoek grondeienaars om Agri Noord-Kaap van die saaknummers te voorsien sodat die ondersoek gevolg kan word.

"Die ekonomie van die Noord-Kaap kan nie hierdie groot-skaalse verwoesting bekostig nie." Hy sê boere kan dit nie bekostig om teeldiere voortydig buite produksie te stel en op veilings en in voerkrale te laat beland nie.

"Die provinsie se ekonomie het die produksiepotensiaal van hierdie diere baie nodig, gegewe die feit dat 50% van die oppervlakte van die provinsie onder rampdroogte-toestande gebuk gaan waar distrikte tot so min as 30% van hul kapasiteit aan teeldiere oor het."

Jansen sê die landbou-ekono-

mie onderhou die landelike gemeenskappe waar geen ander noemenswaardige ekonomiese aktiwiteite buite die landbou en sy verwante aktiwiteite bestaan nie.


"Dis uiters kommerwekkend dat dele wat uiteindelik ná lang droogtes kan produseer en herstel, nou gekniehalter word deur brande waarvan die ontstaan nie aan natuurlike oorsake gekoppel kan word nie."

Hy sê dit is onmoontlik vir die landboubedryf in die provinsie om sy besteding aan arbeid, asook indiensnemingsyfers, vol te hou as die produksievermoë van die sektor dramaties ingeperk word deur rampdroogtes en grootskaalse veldbrande.

Intussen het AgriForum se Bo-Karoo-streektak, Saai en die Orania Beweging 'n veldtog begin om ná die verwoestende brande hulp aan boere in die provinsie te verleen.

"Enige skenking van boere in die vorm van voer sal opreg waardeur word en ons wil 'n ernstige beroep op mense doen om 'n skenking te doen sodat die nodige hulp by die boere kan uitkom," sê Magdaleen Kleynhans, takvoorsitter.

Brande woed steeds in Kimberley-omgewing



Die DA in die Noord-Kaap is geskok oor die verval van die Nico Bekker-koshuis in Williston. Dr. Isak Fritz, die DA se provinsiale voorsitter (links voor), het die gebou Woensdag saam met Harold McGluwa, die DA se provinsiale leier (agter), en Johan van der Coff, raadslid van die Karoo-Hoogland-munisipaliteit, besoek. Foto: VERSKAF

DA: 'Verval van Nico Bekker-koshuis in Williston is 'n skok'

Anena Burger

Die provinsiale regering moet as 'n medepligtige in die vernietiging van die eens waardevolle en nuttige Nico Bekker-koshuis in Williston aangekla word.

So sê die DA in die Noord-Kaap nadat hy eergister 'n oorsigbesoek gebring het.

Die onderwysdepartement het gister gesê die gebou is in 2017 aan die departement van openbare werke oorhandig.

Johan van der Coff, raadslid van die Karoo-Hoogland-munisipaliteit, het die gebou saam met Harold McGluwa, die DA se provinsiale leier, en dr. Isak Fritz, die provinsiale voorsitter, besoek. Hulle het hul skok oor die vervalde toestand van die gebou uitgespreek.

Van der Coff sê die Nico Bekker Intermediêre Skool se koshuis is drie jaar gelede, ná 'n samesmelting van skole, gesluit. "Die gebou het twee jaar lank leeg gestaan. Toe begin die verwoesting."

Diewe het elke moontlike deel van die gebou stuk vir stuk weggedra. "Van die muurproppe en waterpype, tot deure, wasbakke en afvalke."

"Niks, behalwe 'n leë dop, het oorgebly nie."

Van der Coff sê in plaas daarvan dat besorgde regeringsinstellings, soos die departement van onderwys, paai en openbare werke en selfs die Karoo-Hoogland-munisipaliteit onmiddellik optree het om die vernietiging te stuit, is dit gegeroer.

"Selfs ná die polisie se versoek dat die onderskeie departemente strafregtelike klage in-

dien nadat hulle herhaaldelik gemaak met staatseiendom gevang het, het die staat sy skouers optrek en die koshuis gewillig laat wegval."

Die DA sê die afgebreekte koshuis is een van vele soortgelyke voorbeelde van verwaarloosing deur die ANC in die Noord-Kaap.

"Ongeglukkig is dit die soort verval waaraan ons onder ANC-regerings gewoed geraak het. Die ondergang van die koshuisgebou is 'n ontagslike vormering van staatsulphonnie," sê Van der Coff.

Volgens hom kon dit onder die voogdyskap van 'n DA-regering, wat omgee, omskep gewees het in 'n outetuis of 'n dienssentrum of enigiets anders wat waarde toe die lewe van die inwoners van Williston kan toevog.

"In plaas daarvan minag die ANC die lewe van almal in Williston, veral haweloses, wat sonder water en sanitasie daar woon."

"Die DA het planne om die verdere agteruitgang in ons dorpe te stop en dit wat stukkend is, reg te maak."

Geoffrey van der Merwe, woordvoerder van die Noord-Kaapse onderwysdepartement, het gister by navraag gesê die departement kan nie kommentaar op die toestand van die gebou lewer nie.

"Die departement het die gebou reeds in 2017 aan die departement van paai en openbare werke oorhandig. Dit is nou sy verantwoordelikheid."

Die departement van paai en openbare werke kon nie vir kommentaar bereik word nie.

Nog 'n skok ná gifbewerings by skool

Anena Burger

Nog 'n skok het die Hoërskool Colesberg getref met die ontdekking dat 'n voormalige onderwyser wat in 2019 weens bewerings van onsedelike aanranding geskors is, nou in aanmerking gekom het vir die pos van skoolhoof.

Ondanks ondersoek deur die Noord-Kaapse onderwysdepartement, wat steeds aan die gang is, en dat die onderwyser verbied is om die skoolterrein te betree, het die skool se beheerliggaam sy aansoek oorweeg.

"Onderhoud is ook aan hom toegestaan wat by die Colesberg-polisiekantoor gevoer is.

Die skool was gister ook in rep en roer toe hooggeplaastes van die onderwysdepartement dit besoek het. Dit nadat vyf onderwysers, wat glo hulle is op 15 April met organosfaafte vergiftig, beweer het dat nie die polisie of die departement enigins die voorval ondersoek nie.

Die onderwysers, onder wie die waarnemende skoolhoof, Ems Pretorius, het dié oggend by die skool ineengetroef nadat hulle melk uit 'n melkhouer gebruik het wat met Pretorius se naam gemerk was.

Die Noord-Kaapse onderwysdepartement kan teen gister steeds nie kommentaar lewer oor die bewerings van dié onderwysers nie.

Geoffrey van der Merwe, departementele woordvoerder, het slegs gesê hulle wag nog op 'n verslag van die distrikskantoor.



Die Hoërskool Colesberg.

Foto: FACEBOOK/HOËRSKOOI COLESBERG

Ons wag egter nog vir die verslag van die distrikskantoor en sodra ons dit ontvang het, sal ons 'n verklaring kan uitreik.

— Geoffrey van der Merwe

Mike Bolhuis, private speurder, is deur die Colesberg-gemeenskap genader om die voorval te ondersoek.

Hy het Mornay Vos, 'n senior spesialisondersoeker, en nog le-



Ems Pretorius, die waarnemende hoof van die Hoërskool Colesberg. Foto: VERSKAF

verslag van die distrikskantoor en sodra ons dit ontvang het, sal ons 'n verklaring kan uitreik."

Bewens die besoeke van die hooggeplaaste amptenare het die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) ook die skool gister besoek.

Henk Brand van die SAOU se Noord-Kaapse kantoor sê hulle stap al 'n lang pad met die skool en het Pretorius ná die beweringe vergiftiging ondersteun en met raad bedien.

Hy sê die SAOU het ook nou 'n dispuut rakende die kortlys en keuringsproses vir die skoolhoofpos verklaar, aangesien die regte prosedure glo nie gevolg is nie.

Lekkerbek en lekker bekkig

Van master chefs tot meester-flops, kookraad tot kompetisies. As jy van kos hou, het ons net die ding vir jou.

via - Regte mense. Regte stories.

Koskuns met Lientje en Wilhelmina
Woensdae 17:00

Aarit
Dondersdae 20:00

Kom ons braai
Saterdae 20:00

Konings van Krikkos
Dinsdae 17:00

Bereidvry
Dondersdae 17:00

via tv.co.za | @via | #via